PARROW PANORAMA

God roep ons › God stuur ons

# Quattro

## JULIE – SEPTEMBER 2020

021 930 3100

Rembrandtsingel 14, Panorama, Parow 7500

# *Omgee met 'n verskil*

**Francois Herselman**



Die koronavirus (Covid-19) het oornag 'n ongekende wêreldwye krisis geskep. Soos Leonard Sweet sê, is hierdie vreemde werklikheid nie iets wat ons kon voorsien of voorspel nie; veral ook nie die ingrypende manier waarop dit ons lewens verander het nie – waarskynlik vir altyd! Daarom praat ons nou reeds van 'n nuwe normaal en wonder ons hoe dit gaan lyk.

Iemand maak onlangs die volgende opmerking: "*Die nuwe normaal gaan ongeveer 1% verskil van die normaal waaraan ons gewoond is, maar ons moet ons nie bluf oor daardie 1% nie. Daardie 1% gaan ingrypende lewensveranderende implikasies hê wat beteken dat dinge nie weer soos voorheen gaan wees nie. Nie in ons huise, of die kerk of in ons samelewing nie.*" Uitdagings soos hierdie gaan nie by kinders van God verby nie.

Bestaanskrisisse bring ook vir die kinders van God ontnugtering en soms selfs 'n geloofskrisis. Maar God hou ons vas! Om hierdie rede hoor ons regdeur die geskiedenis van die mensdom dat krisis en ontbering gelowiges se verhouding met God verdiep en 'n verinnigde toekomsperspektief bring. Daarom getuig Jeremia in Klaagliedere (3:24): "Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom." Gelowiges hoef nie weg te steek dat hulle verliese ervaar, met vrae worstel en soms selfs hartseer is oor omstandighede nie. Ons bemoedig mekaar met die troos dat ons deur dit alles aan God behoort!

Alhoewel die meeste van ons die eerste drie weke van inperking geniet het en as verlengde Maart-vakansie ervaar het, het die nood van menige skielik op die voorgrond geskuif. 'n Vinnige oproep van MES (www.mes.org.za) het ons skoon kerkkombuis in 'n sopkombuis verander. Ons moes weekliks 400 liter sop voorsien.

Saam met ander gemeentes en rolspelers is daar op verskeie plekke in die Noordelike voorstede aan 800 mense per dag kos voorsien. Danksy menige lidmate se bydrae, asook hulp van ons plaaslike supermark (Spar Plattekloof) is ‘n groep (Panorama Radikale Omgee) op die been gebring om sop te kook, te bedien en ook voorrade uit te deel. Wat eers vir drie weke sou wees, raak toe 7-8 weke. Vinnig het ons besef dat as ons hiermee wil volhou, daar meer mense en instansies en kerke betrek sal moet word. Ons het besef ons kan nie op ons eie werk nie en ons benodig hulp om op ’n baie praktiese manier vanuit netwerke (en ingebind in die groter liggaam van Christus) aktiewe troos en verligting deur praktiese hulpverlening en pastorale bystand te bring.

Onbekende omstandighede maak dit moeilik om uit die staanspoor vanuit sogenaamde beste-praktyke te werk. Ons bevind ons eerder in ontwikkelende praktyke (“emerging practices”) en leer daarom soos ons aangaan. Waarnemings dui reeds ’n paar bakens aan:

(a) hierdie krisis gaan nie oornag tot ’n einde kom nie;
(b) geen gemeente gaan op haar eie volhoubaar hulp kan verleen waar die nood is nie;
(c) koördinering is noodsaaklik om seker te maak dat niemand honger gaan slaap of vereensaam nie;
(d) daar is ’n intense behoefte aan pastorale ondersteuning.

Ons plaaslike interkerklike groep (“fraternal”) het saamgekom en begin gesels oor wat die kerk se rol is en wat ons kan bied. Saam met die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, het ons besluit om ‘n LEAN (Local Ecumenical Action Network) te vorm. Dit is ‘n netwerk van FBO (Faith Based Organisations), NGO (Non-government Organisations), PBO (Public Benefit Organisations), die plaaslike munisipaliteit, beskermingsdienste (PWP Buurtwag, SAPS, Sekuriteits-maatskappy – District Watch) en ander individue. Die netwerk is gevorm om die noodlenigingswerk in ons area (Panorama, Plattekloof, Monte Vista, Welgelegen, Kleinbosch, Edgemead, Richmond en die areas omliggend aan die gebiede) te koördineer.

Tygerberg LEAN vergader een keer per maand om die nood te identifiseer, seker te maak dat ondersteuning volhoubaar is, bronne te identifiseer en te versprei, asook om seker te maak dat fondse reg bestuur word. Alhoewel die LEAN nog in sy beginfase is, is daar reeds reusewerk gedoen. Die netwerk sorg vir die uitgee van kospakkies, klere, sop en ander ondersteuning wat benodig word. Daar is ook gemeentes toegewys aan spesifieke areas waar die nood dalk te groot is of waar daar voorheen geen hulp was nie.

In ons eie gemeente het ons die waarde van die LEAN oor en oor besef. Ons deel gereeld kospakkies uit aan behoeftige gesinne. Die meeste van die gesinne woon in ons gemeente se area, maar is na ons verwys deur die LEAN. Op dié manier kan ons op ‘n geestelike en persoonlike wyse uitreik na behoeftige gesinne in ons area. Ons het ook nuwe verhoudings gebou met instansies wat werk in ons omgewing (en waarvan ons nie eers bewus was nie). Ons is ook diep dankbaar vir soveel lidmate wat bydraes maak vir ons ondersteuningsprojek. Die geld en produkte gaan direk na diegene waar die nood is – moet dus asseblief nie ophou om op so ‘n wyse te help nie.

Een van die groot uitdagings wat ons nog moet aanspreek, is die toename in daklose en werklose mense. Die toename van bedelaars by verkeersligte, asook sovele wat aan deure klop vir kos is steeds ‘n harde wekroep teenoor elke gelowige. Ons wil vra dat julle saam sal bid vir uitkomste en moontlikhede. Die LEAN beplan ‘n werkswinkel saam met MES oor hoe ons die nood van straatmense kan aanspreek.

In 1 Korintiërs 12:24-26 lees ons: *God het die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer gegee het aan die lid wat eer kort kom, sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra. As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.*

Een van die belangrikste lesse wat ‘n wêreldwye ramp soos Covid-19 ons leer, is dat die liggaam waarvan 1 Kor. 12:24-26 praat, nie net vir ons eie gemeente geld nie. Die hele kerk word verstaan as die liggaam van Christus. Rampe en pandemies laat ons vinnig besef dat alle kinders van die Here soos ‘n liggaam aan mekaar verbind is en dat onderlinge verskille minder belangrik is as die gesamentlike stryd teen die ramp of pandemie. Die koronavirus maak nie onderskeid nie! Daarom moet ons saam kanale bou waarlangs hulp en hoop in hierdie tyd na mense in nood kan vloei.

# Kospakkie-projek

Retha van der Walt



Aan die begin van die grendeltydperk het dit duidelik geword dat daar 'n behoefte in ons omgewing ontstaan het vir kos, klere en berading.

Covid-19 het almal se lewens aangetas en talle gesinne het hulle bron van inkomste verloor. Ons wou graag op 'n praktiese manier help waar ons kon. Die kospakkie-projek is geloods en ons gee weekliks nie-bederfbare kruideniersware en soms koopbewyse aan 'n aantal gesinne in ons gemeenskap.

Ons help tans 13 gesinne: 6 gesinne in ons gemeente en 7 gesinne in ons gemeenskap. 'n Totaal van 42 individue word tans hierdeur ondersteun. Daar is ook soms *ad-hoc* gevalle wat bykom. Die kospakkies bevat produkte van blikkieskos, pasta, rys en pap, tot tandepasta en seep. Die koste van 'n kospakkie is ongeveer R500.

Baie dankie aan almal wat tot dusver ons projek ondersteun het. 'n Spesiale woord van dank ook aan almal wat vir ons van die Maaltyd Mengsel opgemaak het. Ons waardeer die bydraes. Wees verseker dat dit 'n verskil in iemand se lewe maak.

***'n Boodskap van iemand wat deur ons ondersteun word:***
*Waar begin mens om dankie te sê aan elke persoon wat ‘n bydrae gelewer het tot hierdie projek? Die oorvloedige seëninge wat aan ons gestuur is, was werklik ongelooflik. Die wete dat jou kinders nie honger sal gaan slaap nie is absoluut fenomenaal, maar die wete dat daar soveel mense is wat iets van hulself gee, is so ‘n warm gevoel om die hart. Almal se geldelike bydraes, fisiese bydraes en gebede dra ons deur hierdie onseker tyd en meer nog voel dit of ons nog saak maak, of ons behoort en geliefd is – en daarvoor kan ons net duisende dankies sê. JULLE maak ‘n verskil!*

***Hoe kan jy help?***

Bid vir ons vir wysheid om hierdie projek op die beste moontlike manier te bestuur.

- Maak 'n finansiële bydrae
- Skenk kruideniersware:
  - hawermout
  - mieliemeel
  - pasta / 2 min noodles
  - kookolie
  - konfyt
  - rys
  - grondboontjiebotter
  - Ricoffy
  - tee
  - suiker
  - soja
  - langlewe melk
  - blikkieskos (groente / mielies / ertjies /tuna / sardyne / sweet corn / baked beans / corned beef)
  - tandepasta
  - seep
  - sjampoe
  - toiletpapier
- Maak sop en vries dit in 2 liter roomysbakke
- Laat weet asseblief die kerkkantoor indien u beskikbaar is om op 'n Donderdag te help met pak of aflewering van kospakkies**.**

Skenkings kan elke Donderdagoggend van 10:00 tot 12:00 by NG Kerk Parow-Panorama afgelewer word.

Finansiële bydraes kan gemaak word in die gemeente se bankrekening. ABSA Rekeningnommer: 390580495. Takkode: 632005. Verwysing: KOSPAKKIES.

Indien u hulp benodig of hulp wil aanbied, of weet van iemand in nood, voltooi asb die aanlyn-hulpvorm op ons webtuiste: [www.parow-panorama.co.za](http://www.parow-panorama.co.za)







# Dapper Mense

**Andrie Kilian**



Ouma was besig om 'n Bybelverhaal aan haar kleinseun voor te lees, toe haar kleinkind uit die bloute vra: "Was Ouma ook by oom Noag in die ark?" Gesteurd antwoord Ouma: "Nee, my kind." En die seuntjie vra: "Nou hoekom het Ouma dan nie verdrink nie …?"

Ons bring vandag hulde aan dié mense wat die felste storms van die lewe trotseer het en nie ondergegaan het nie. Hulle is die mense wat ryk is aan lewenservaring. Hulle ken die harde en sagte kante van die lewe. Dit is die inwoners van Panorama Palms. *Dapper mense …*

Hulle is die mense wat vir meer as vyf maande in isolasie verkeer het as gevolg van die Covid-19 pandemie. Die meeste woon alleen en is op hulleself aangewese. Hul positiewe ingesteldheid teenoor hulle omstandighede is prysenswaardig. Wanneer daar aan hulle deure geklop is en – sonder om in te gaan – gevra is hoe dit dit gaan, was die oorgrote meerderheid se antwoord: "Dit gaan goed, dankie." Die lewe het hulle geleer om vas te byt en moed te hou. *Hulle is blymoedige mense …*

Hulle beskik oor die vermoë om die beste van 'n netelige en uitdagende situasie te maak. Hulle is gemaklik met hulleself. En slaag daarin om besig te bly wanneer daar niks en niemand anders is wat hul aandag trek nie. Mense wat oor 'n innerlike sterkte beskik – *selfgenoegsame mense in die goeie sin van die woord …*

Hulle het reeds die pad geloop wat vir baie van ons nog voorlê. En hulle het baie winters deurleef waarop ons ons nog voorberei. Voorwaar deurwinterde mense!

Hulle laat dink mens aan die liefdevolle bejaarde omie vir wie die dogtertjie gevra het: "Is oom se naam dalk Jesus?" Hulle is gelowige mense. Christene in die volste sin van die woord …

Ons dra die onderstaande uittreksel uit Jan FE Cilliers se gedig "Eensaamheid" op aan al die dapper inwoners van Panorama Palms:

*… ek weet daar's fees vanaand*
*in menig verligte saal,*
*maar geeneen wat my mis,*
*by die dans en die dis –*
*'n balling vergeet en verdwaal.*
*Maar al is ek, ver van die skaar,*
*in eensaamheidswoning getrede,*
*ek voel my soos een*
*met die Heer alleen –*
*'n kind aan Sy boesem tevrede.*


# Winter tot Lente tot Somer!



Hoe bly mens positief as dit voel of jou wêreld uitmekaar val, of alles waaraan jy so hard gewerk het en so voor geswoeg het moontlik in 'n oogwink verlore gaan wees sonder dat jy enige inspraak het in die saak?

Toe ons die eerste drie weke aandurf het ons gedink, nee wat, drie weke is nie te erg nie – dit sal ons darem oorleef … en dan skop paniek in as jy werklik besef die drie weke gaan veel langer word. Paniek, planne maak, brûe bou, alles menslik moontlik doen – totdat jy vrede maak met die besef dat hierdie paadjie wat jy stap deur God vir jou uitgelê is en jy nie alleen stap nie, maak nie saak hoe onmoontlik dit klink om anderkant uit te kom nie … God stap saam met jou, lei jou deur Sy Woord en seën jou deur mense op jou pad te plaas wat jou herinner aan God se genade en alomteenwoordige liefde.

Iemand stuur 'n GIF – sommer net 'n prentjie wat heel moontlik sonder nadenke aangestuur is, maar die Bybelversie skuif jou fokus van negatief na dit wat werklik saak maak. Ps 91:4: "Hy sal jou dek met sy vlerke en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en 'n pantser." Dan raak jy rustig en lees die res van Psalm 91, en keer op keer lees jy dit raak wat jou siel nodig het. Ps 91:11: "Hy sal die Engele opdrag gee om jou te beskerm." Hoe kan ek voel of die wêreld my insluk as die Here sy Engele gestuur het om my te beskerm – vir my, ook maar net bang mens? As ek die kind van 'n Koning is moet ek mos my kop lig, selfs in die donkerste en onsekerste tye.



Die foon lui, ‘n vriendin wat net bietjie vir jou bid; die deurklokkie lui, ‘n sakkie groente vir vanaand se aandete; ‘n kennis wat sê julle is kosbaar – ons stuur middagete; vriende wat aanklop met aandete; onbekendes wat net laat weet hulle dink aan ons, bid vir ons, glo saam met ons; ‘n koevert met ‘n geldjie wat ‘n gaatjie toestop; ‘n sak vol klere, want kinders wat groei se klere krimp; ‘n aarbeiplantjie van ‘n vriendin wat in dieselfde situasie as jy is (sy het 2 persent gekry en deel die liefde) – hoe kan ek vreesbevange en negatief deur die dag gaan, hoe kan ek huilend en klaend die wêreld in die oë kyk as ek met soveel genade en seëninge oorspoel word? As ek omsingel word deur deur God se liefde – God wat al hierdie ongelooflike mense oor my pad stuur?

Om positief te bly is nie aldag maklik nie, dit verg verseker meer tyd op jou knieë en minder met jou neus in die koerante en jou oë op die nuus!

Mag die Here my situasie gebruik om ander na Sy Koninkryk te lei. En as mense vra hoekom ek nog glimlag, hoekom ek nog lag, dat ek dan kan getuig: Want ek is ‘n Koningkind!

**JOSUA 1:9**
“Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”

# Kerktuin



Dis heerlike Lente en die Winter is verby. Gemeente, loop gerus rondom ons kerk en bekyk die pragtige tuin wat ontwaak het uit dorre sand.

Ons sê dankie vir al God se genade en die wonderlike reën die afgelope winter, maar ook vir Magriet Beukes se inisiatief en harde werk om die kerktuin so mooi en aantreklik te laat lyk. Baie van die plante het uit haar eie tuin gekom.

'n Groot dank vanaf ons gemeente – ons het groot waardering daarvoor.













# Personeel



Ontmoet van ons personeel wat meestal op die agtergrond werk om ons geboue en terrein netjies en skoon te hou.

**Katrina Slinger**
Katrina Slinger is ons skoonmaker. Sy is 'n Namakwalander van geboorte. Katrina het op Klawer grootgeword, skoolgegaan en daarna vir haar ouers gesorg tot hulle oorlede is. In 1980 het sy Kaap toe gekom en Panorama haar tuiste gemaak. Sy het een dogter en twee kleindogters.
In 2007 het Katrina by die gemeente se personeel aangesluit en sedertdien werk sy elke Dinsdag en Vrydag by die kerk. Behalwe tuinmaak, is sy ook lief vir koskook en mooi aantrek.

**Claude Marks**
Sedert verlede jaar is Claude Marks die terreinwerker by ons gemeente. Claude is in Kuilsrivier gebore en het ook daar skoolgegaan. Hy woon tans in Mfuleni.
Hy het twee dogters wat albei in die Kaap woon.
Claude hou van hout- en teëlwerk doen. Hy draf vir ontspanning.

Op die foto's spog Katrina en Claude in hulle nuwe "kerk"-uniforms.





